

Preekvoorligting Sondag 17 Junie 2018

Skriflesing: Psalm 139

Teksters: Psalm 139: 14

Tema: Jy hoef nie ekskuus te vra dat jy lewe nie!

Heel dikwels worstel onself met die probleem van hoe ons oor onself voel. Veral in swaar tye is dit juis soveel moeiliker om 'n goeie beeld van jouself te behou. Die gevoel begin nesmaak van “ek is eintlik 'n mislukking, ek is 'n nikswerd wat gebore is om maar altyd gemiddeld te wees”. Wanneer ek na myself kyk, hou ek nie van wat ek sien nie. Psalm 139 spreek hierdie saak baie duidelik aan.

1. Psalm 139 oor God

Die psalm begin met die openbaring dat God alwetend is. Niks voor God is verborge nie – Hy weet alles: dit wat in jou diepste binneste, jou hart is, dit wat in jou lewe is, dit wat in jou gedagtes is, selfs die woorde nog voordat jy dit uitgespreek het. Maar God is ook alomteenwoordig: Geen plek op hierdie aarde is die mens verberg voor God nie: God is op die hoogste berg, God is in die diepte van die doderyk, God is by die einde van die see, God is in die donkerste duisternis. Die openbaring duidelik: Die Here weet van alles, want Hy is alwetend, maar Hy weet ook van alles, want Hy is op alle plekke – vir Hom kan niks weggesteek word nie.

2. Psalm 139 oor die mens

As daar Een is wat weet hoe groot “mislukking” die mens is, is dit God. Hoe moet ons daarvoor voel? Dit is so God weet wie en wat mens is, maar dit laat die digter nie nog 'n groter mislukking voel nie, maar bring hom wel tot die volgende woorde: “*Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is*”. Hy gaan kruip dus nie in 'n donker hoekie weg nie – hy loof God vir wie en wat hy is. Ongeag al ons gebreke, ons mislukkings, moet ons weet – God het ons gemaak. Hierdie openbaring bring die digter daartoe dat hy oor homself voel hy is wonderbaar. God is 'n wonderbare God en die werk van hierdie wonderbare God is gevolglik ook wonderbaar. Die mens is daarom ook die wonderbare werk van God. Watter waarde het God se maaksel in Sy oë? Sy maaksel, ons, het soveel waarde in Sy oë dat die Seun Homself gegee het om aan die kruis te sterf vir ons.

3. Psalm 139 en ons vandag

Soos reeds gesê: Heel dikwels worstel ons met die probleem van hoe ons oor onself voel. Die gevoel begin dan soms nesmaak van “ek is eintlik 'n mislukking, ek is 'n nikswerd wat gebore is om maar altyd gemiddeld te wees”. Hoe durf ek so ontevrede met myself wees, hoe kan ek so onvergenoegd wil wees met wie en wat ek is? Die Here het my gemaak, die Here het my aanmekaar gesit, Hy het my gevorm en Hy ag my van soveel waarde dat Hy sy enigste Seun aan die dood afgestaan het vir my.

Ek weet ek is vir die almagtige en alomteenwoordige God nie 'n nikswerd nie, maar wel wonderbaar. Ek moet dus nie as 'n nikswerd lewe nie, maar wel as 'n kosbare kind van God, duur gekoop deur die bloed van Jesus Christus. Maar dan moet ek ook nie leef teenoor ander asof hulle nikswerd sou wees nie.

Dit beteken:

Geen ekskuus vra omdat ek lewe nie, maar ook geen ekskuus deur enige iemand anders nodig omdat hulle lewe nie!